**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr.: 501/2005

In die saak tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>MZUMSIMA MADINI</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** VAN DER MERWE R *et* C.J. MUSI R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** C.J. MUSI R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 18 AUGUSTUS 2005

---

[1] Hierdie is ‘n outomatiese hersiening ingevolge die bepalings van artikel 302(1)(a)(i) gelees met artikel 304 van die Strafproseswet, 51 van 1977.

[2] Die beskuldigde is op 8 April 2005 deur die landdros Sasolburg aan aanranding met die opset om ernstig te beseer skuldig bevind en as volg gevonnis: “6 maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort vir 5 jaar op

voorwaarde beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan aanranding of ‘n poging daartoe of ‘n misdryf waarvan geweld ‘n element van die misdryf is gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.”

[3] Aangesien ek van mening was dat die verrigtinge nie ooreenkomstig die reg is nie het ek die volgende navraag aan die landdros gerig:

> gIs die opskortingsvoorwaardes nie te wyd nie? Waarom is die geweld nie gekwalifiseer nie? Sien **<u>S v MXATHULI</u>** 1964 (3) SA 685 (O).”

[4] Die landdros lewer as volg kommentaar:

> gEk gee die geleerde Hersieningsregter gelyk dat die begrippe ’n misdryf waarvan geweld ‘n element van die misdryf is opsigself vaag en wyd is en kan self oortredings soos byvoorbeeld opsetlike saakbeskadiging insluit.

Ek is egter die beskeie mening toegedaan dat indien die betrokke begrippe egter in samehang met die misdryf waaraan beskuldigde skuldig bevind was en die opskortingsvoorwaardes in geheel, geinterpreteer word, verwys dit slegs na geweldsmisdrywe wat teenoor ‘n ander persoon gepeeg (was).

> Ek het met die oplegging van die opskortingsvoorwaarde beoog om beskuldigde te weerhou om geweld teen die persoon van ‘n ander te pleeg en hierdie bedoeling is ook so verduidelik aan die beskuldigde. Beskuldigde sou hierdie voorwaarde ook op hierdie basis verstaan het.”

[5] Die bewoording van opskortingsvoorwaardes moet duidelik en ondubbelsinnig geformuleer word. Dit moenie vir verskillende interpretasies vatbaar wees nie. 'n Onbeholpe formulering daarvan lei onnodiglik tot verwarring en soms tot benadeling. Alhoewel die landdros die opskortingsvoorwaardes aan die beskuldigde verduidelik het moet hy in gedagte hou dat die ander landdros – wat die opgeskorte vonnis inwerking gaan stel – nie die voordeel van die volle oorkonde het nie. Hy of sy het slegs 'n afskrif van die klagstaat en aanhangsels daartoe.

[6] In **S v MXATHULI** 1964(3) SA 685 (O.P.A.) op 687 het Potgieter R nadat hy met goedkeuring na **S v CELE** 1964 (1) SA 640 (N) op bladsy 641 verwys het tot die slotsom gekom dat die woord "geweld" in omstandighede soos die onderhawige slegs gebruik behoort te word indien dit duidelik gestel word dat geweld teenoor 'n persoon bedoel word. Die landdros gee toe dat die opskortingsvoorwaarde wyd is en moontlik kan lei tot 'n situasie wat hy nie beoog het nie, naamlik dat die opgeskorte vonnis in werking sou tree indien die beskuldigde skuldig bevind word aan opsetlike saakbeskadiging.

[7] Die landdros stel voor dat die opgelegde vonnis met die volgende vervang word:

> "Ses maande gevangenisstraf in geheel opgeskort vir vyf

> jaar op voorwaarde die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan aanranding of ‘n misdryf waarvan geweld teenoor ‘n persoon ‘n element is of poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.”

[8] Myns insiens is dit ook onbillik om direkte gevangenisstraf op te skort op voorwaarde dat die beskuldigde nie ‘n “geringe misdaad” soos poging tot aanranding moet pleeg nie. Dit is in my oordeel ook te wyd.

[9] Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

a) Die skuldigbevinding word bekragtig.

b) Die vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

“6 maande gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word aan aanranding met die opset om ernstig te beseer gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.”

**C.J. MUSI, R**

Ek stem saam.

**C.H.G VAN DER MERWE, R**

/em